BEMIDDELINGSREËLS VAN DIE AFRIKAANSE ARBITRASIE-GENOOTSKAP

1. WOORDBEPALING

In hierdie reëls tensy uit die samehang anders blyk, -

1.1 dra die volgende woorde die volgende betekenisse -

"bemiddelaar": 'n persoon wat ingevolge hierdie reëls aangestel is om ten aansien van 'n bestaande geskil of 'n toekomstige geskil tussen partye te bemiddel ten einde 'n skikking van sodanige geskil te bereik;

"bemiddeling" of "bemiddelingsproses": die proses waarvolgens partye met die behulp van 'n bemiddelaar 'n skikking van enige geskil tussen hulle bereik;

"bemiddelingsooreenkoms": 'n skriftelike ooreenkoms wat voorsiening maak vir bemiddeling deur 'n bemiddelaar van 'n bestaande geskil of 'n toekomstige geskil met betrekking tot 'n aangeleentheid in die ooreenkoms vermeld, hetsy 'n bemiddelaaar daarin genoem of aangewys word al dan nie;

"Genootskap": die Afrikaanse Arbitrasie-Genootskap, verteenwoordig deur sy besturende direkteur of deur 'n ander persoon wat deur die bestuur van die Genootskap daartoe aangewys is;

"lewer" of "aflewer": die aflewering van afskrifte van tersaaklike stukke aan alle partye en aan die arbiter, asook die fisiese indiening van die oorspronklike by die Genootskap.

1.2 sluit woorde wat die manlike geslag aandui ook vroue in, sluit woorde wat die enkelvoud aandui ook die meervoud in, en woorde wat die meervoud aandui ook die enkelvoud in.

2. ALGEMEEN

2.1 Die Afrikaanse Arbitrasie-Genootskap ("die Genootskap") is 'n maatskappy sonder winsbejag wat hom beywer vir vinnige, doeltreffende en koste-doeltreffende bemiddelings onder sy beskerming. Die Genootskap is opgerig deur die Vereniging van Regslui vir Afrikaans ("VRA") en dit handhaaf noue bande met die VRA.

2.2 Die Genootskap beywer hom vir die gebruik van Afrikaans as regsaal, maar enige nie-Afrikaanssprekende persoon is geregtig om die taal van sy keuse tydens bemiddelings te gebruik. Indien 'n ander taal as Afrikaans of Engels gebruik word, moet die betrokke party 'n geswore tolk beskikbaar stel om tydens die bemiddelings-verrigtinge die nodige tolkwerk te doen.

2.3 Die Genootskap stel 'n paneel van kundige persone saam wat as bemiddelaars kan optree.

2.4 Die Genootskap sal, volgens sy diskresie en ooreenkomstig die prosedures hierin uiteengesit, 'n bemiddelaar uit sy paneel aanstel om 'n geskil te besleg.

2.5 Die Genootskap en die VRA is gevry waar van aanspreeklikheid vir enige handeling of late met betrekking tot die bemiddelingsverrigtinge wat ingevolge hierdie reëls plaasvind. Die Genootskap en die VRA sal ook geen aanspreeklikheid opdoen of enige regsplig teenoor enige van die partye of die bemiddelaar hê nie met betrekking tot enige bemiddelings wat ingevolge hierdie reëls begin is maar nie afgehandel word nie. Geen bemiddelaar wat voorsitby bemiddelingsverrigtinge ingevolge hierdie reëls, sal aanspreeklik wees vir enige skade wat 'n party tot die verrigtinge mag ly nie, tensy opset of growwe nalatigheid aan die kant van die bemiddelaar bewys kan word.

2.6 Navrae aan die Genootskap moet gerig word aan die Sekretaris van die Genootskap by die volgende adres, waar lewering van dokumente aan die Genootskap ook moet geskied:

Die Genootskap se e-pos adres is soos volg:
sekretaris@vra.co.za; admin@vra.co.za

Die adres en telefoonnommers van die Sekretaris is soos volg:

Posbus 11090
Queenswood
0121

Tel. nr. 012-333-6527
Faks nr. 086-592-5185

3. VOORGESTELDE KLOUSULES

3.1 Kontrakspartye wat enige toekomstige geskille ingevolge hierdie reëls na bemiddeling wil verwys, kan die volgende bemiddelings-klousule in hulle skriftelike kontrak invoeg:

"Enige geskil wat uit of in verband met hierdie kontrak ontstaan, sal met behulp van bemiddeling ingevolge die reëls van die Afrikaanse Arbitrasie-Genootskap tussen die partye geskik word, welke reëls geag word by wyse van verwysing in hierdie klousule ingelyf te wees."

3.2.1 Partye tot 'n bestaande geskil wat dit na bemiddeling in gevolge hierdie reëls wil verwys, kan soos volg skriftelik ooreenkom om dit te doen:

"Ons, die ondergeteken des, kom ooreen om 'n ernstige poging aan te wend om, met behulp van 'n bemiddelaar, aangestel deur die Afrikaanse Arbitrasie-Genootskap, die geskille tussen ons ooreenkomstig die reëls van die Genootskap te skik"

3.2.2 Indien die partye ook oor die identiteit van die bemiddelaar kan ooreenkom, kan 'n verdere klousule soos volg bewoord word:

"Die partye kom verder ooreen dat Mnr. …., wa t 'n lid van d ie paneel van bemiddelaars van die Genootskap is, deur die Ge nootskap a s bemiddelaar aangestel word om ooreenkomstig die reëls van die Genootskap hulle behulpsaam te wees om sodanige geskille tussen hulle te skik."

3.2.3 Indien die partye nie oor die identiteit van die bemiddelaar kan ooreenkom nie, kan die verdere klousule soos volg bewoord word:

"Die partye versoek die Genootskap om 'n geskikte bemiddelaar uit sy paneel van bemiddelaars aan te st el om hulle behulpsaam te wees o m ooreenkomstig die Reëls van die Genootskap sodanige geskille tussen hulle te skik"

4. TOEPASSING VAN DIE REËLS

4.1 Waar enige ooreenkoms, submissie of verwysing vi r bemiddeling ingevolge hierdie reëls voorsiening maak, word dit geag d at die partye ooreengekom het dat die bemiddeling i ngevolge hierdie re ëls gevoer sal word, saamgelees met enige wysiging van die reëls wat voor die aanvang van die bemiddeling in werking getree het.

4.2 Hierdie reëls geld vir sover dit nie met die bepalings van 'n tersaaklike bemiddelings-ooreenkoms strydig is nie.

4.3 Enige geskil oor die bet ekenis of ef fek van hier die reëls wat tydens die bemiddelingsverrigtinge ontstaan, sal beslis wo rd deur die bemiddelaar wat ten opsigte van die verrigtinge aangestel is.

4.4 Daar bestaan 'n reëlko mitee van die Genootskap wat die bevoegdheid sal hê om van tyd tot tyd hierdie hierdie reëls te wysig.

5. VERSOEK OM AANSTELLING VAN 'N BEMIDDELAAR

5.1 Enige party tot 'n be middelingsooreenkoms (hierna "die eerste party" genoem) kan 'n Verso ek om Bemiddeling (hierna "die Versoek") genoe m aan die Genootskap en die ander party (hierna "die tweede party") lewer waarin hy die Genootskap versoek om 'n bemi ddelaar aan te stel om die partye behulpsaam te wees om 'n s kikking te bereik met b etrekking tot 'n geskil wat tussen hulle bestaan. Die Versoek moet die volgende insluit:

5.1.1 die name, f isiese adre sse, telefoo nnommers en e-posadresse van die partye tot die bemiddelings;

5.1.2 afskrifte van die kontraksdokumente waarin die bemiddelings-ooreenkoms vervat is;

5.1.3 'n kort samevatting van die aard en omstandighede van die geskil en v an die aangevraagde skikking, sonder dat dit op 'n uiteensetting van eis neerkom;

5.1.4 of versoek word dat ee n of meer b emiddelaars aangestel word, of h y 'n bepaalde bemiddelaar of bemiddelaars wat op di e Genootskap se paneel verskyn, ve rkies en of hy die ke use van 'n bemiddelaar(s) aan die Genootskap oorlaat;

5.1.5 'n afskrif van die bemiddelingsreëls van die Genootskap;

5.1.6 'n beraming van die aantal dae wat die bemiddeling sal duur, tesame met die redes vir sodanige beraming;

5.1.7 'n onderneming om 'n ernstige poging aan te wend om die geskille tussen die partye te skik;

5.2 Die Versoek moet vergesél gaan van die betaling van 'n administrasiefooi, waarvan die bedrag van tyd tot tyd deur die Genootskap bepaal sal word.

5.3 Dit word geag dat die bemiddeling 'n aanvang neem op die datum waarop die Versoek aan die Genootskap gelewer word.

5.4 Ten einde die keuse van 'n bemiddelaar te vergemaklik, kan die twee de party binne 15 dae na ontvangs van die Versoek, 'n Antwoord (hierna "die Antwoord" genoem) aan die eerste party en die Genootskap lewer waarin hy -

5.4.1 die bewerings van die eerste party in die Versoek erken of ontken of met teenwerping erken, sonder dat dit op 'n verweerskrif neerkom;

5.4.2 kortliks die aard en omstandighede van enige beoogde teeneise uiteensit,

5.4.3 kommentaar lewer (insluitend erkenning van enige oor eenkoms) in antwoord op die versoek van die eerste party met betrekking tot die aantal bemiddelaars of die aanstelling van 'n bepaalde bemiddelaar van sy keuse daaromtrent vermeld, asook, met betrekking tot die eerste party se skatting van die aantal dae wat die bemiddeling sal duur, en die tweede party se skatting daarvan tesame met die redes vir sodanige skatting.

5.4.4 onderneem om 'n ernstige poging aan te wend om die geskille tussen hom en die ander party te skik;

5.5 Indien die tweede party versuim om op die eerste party se Versoek te antwoord, sal dit nie die tweede party verhoed om later aan die skikkingsonderhandelinge met die eerste party deel te neem nie, maar die tweede party sal as gevolg van sodanige versuim geag word om afstand te gedoen het van sy reg om enige inset te lewer met betrekking tot die keuse van 'n bemiddelaar.

5.6 Die tweede party of die tweede partye gesamentlik, moet tesame met sy (of hulle) Antwoord, 'n administrasie-fooi, die bedrag waarvan deur die Genootskap van tyd tot tyd bepaal sal word, aan die Genootskap betaal. Die eerste party kan, by verstek van betaling deur die tweede party, die bedrag wat deur die tweede party betaalbaar is, betaal.

5.7 Alvorens die Genootskap die aanstelling van 'n bemiddelaar kan oorweeg, moet die volgende dokumente tot sy beskikking wees:

5.7.1 die Versoek en die Antwoord, as daar 'n Antwoord is, asook enige tersaaklike korrespondensie;

5.7.2 'n bewys dat die Versoek en die Antwoord aan die onderskeie partye gelewer is;

5.7.3 besonderhede van enige metode of kriteria van verkiesing van die bemiddelaar waarop die partye ooreengekom het;

5.7.4 bewys van betaling van die administrasiefooie deur die eerste en tweede partye.

6. OOREENGEKOME BEMIDDELAAR NIE BESKIKBAAR

Indien die bemiddelaar of bemiddelaars op wie die partye ooreengekom het, nie beskikbaar is om die bemiddeling te behartig nie, stel die Genootskap die partye daarvan in kennis en nooi hulle uit om binne 'n bepaalde tyd op 'n ander bemiddelaar of bemiddelaars ooreen te kom, en deel hulle mee dat by gebreke daaraan, die Genootskap die aanstelling volgens sy keuse sal doen.

7. WEIERING OM 'N BEMIDDELAAR AAN TE STEL

Die Genootskap kan, in die uitoefening van sy diskresie, weier om 'n bemiddelaar of bemiddelaars aan te stel. In so 'n geval sal die Genootskap die administrasiefooie aan die party of partye wat dit betaal het, terugbetaal.

8. AANSTELLING VAN BEMIDDELAAR

8.1 Indien die partye dit eens is wie as bemiddelaar aangestel moet word, en onderhewig aan reël 8.3, kan die Genootskap, in sy diskresie, sodanige persoon as bemiddelaar aanstel, mits sy naam op die Genootskap se paneel verskyn.

8.2 Indien die partye dit nie eens is oor wie as bemiddelaar aangestel moet word nie, en onderhewig aan reël 8.3, kan die Genootskap, in sy diskresie, 'n bemiddelaar uit die Genootskap se paneel aanstel.

8.3 Indien die Genootskap tevrede is –

8.3.1 dat die geskil *prima facie* deur 'n bemiddelaar van die Genootskap se paneel bemiddel kan word;
8.3.2 dat die administrasiefooie betaal is; en
8.3.3 dat die vereistes van die reëls nagekom is,

stel die Genootskap 'n bemiddelaar aan.

8.4 Waar daar geen ooreenkoms bereik is oor die aantal bemiddelaars nie, stel die Genootskap 'n enkele bemiddelaar aan. Indien die partye nie ooreengekom het wie hulle as bemiddelaar verkies nie, doen die Genootskap die aanstelling volgens sy keuse.

8.5 Indien enige bemiddelaar na sy aanstelling sterf, of nie in staat is om op te tree nie, of weier om op te tree, sal die Genootskap op versoek van 'n party 'n ander bemiddelaar ooreenkomstig reëls 8.1 tot 8.4 aanstel.

8.6 Die bemiddelaar moet te alle tye regverdig en onpartydig optree.

8.7 Indien enige party of die Genootskap dit aanvra, moet die voorgestelde bemiddelaar aan die Genootskap 'n opsomming van sy vorige en huidige professionele aktiwiteite beskikbaar stel, wat deur die Genootskap aan die partye beskikbaar gestel sal word.

8.8 Indien enige party of die Genootskap dit versoek, moet die bemiddelaar ‘n verklaring onderteken dat daar geen omstandighede bestaan wat moontlik aanleiding kan gee tot g egronde twyfel oor sy onpartydigheid nie, en da t hy onmiddellik sodanige omstandi ghede aan die partye sal bekendmaak indien so-iet s na sodanige ondertekeni ng maar voordat die bemiddeling afgehandel is, sou ontstaan.

8.9 Wanneer die bemiddelaar deur die Genootskap aangestel is, verwittig die Genootskap hom en die partye daarvan, stuur aan die be middelaar die lêer en deel hom mee dat hy ingevol ge reël 9 met die bemiddeling mag voortgaan.

9. VOORTSETTING VAN DIE BEMIDDELING

9.1 Nadat die bemiddelaaar aangest el is en vo ordat hy enige taak met betrekking tot die bemiddeling verrig, moet hy die Genootskap so spoedig moontlik skr iftelik in ken nis stel hoelank die bemiddeling, na sy skatting, sal duur en hoe sy voorgestelde gelde saamgestel en bereken word.

9.2 Die Genootskap kom, namens die partye met die bemiddelaar ooreen –

9.2.1 oor sy voorgestelde gelde; en
9.2.3 oor sy skatting van die duur van die bemiddeling.

9.3 Sodra die Genootskap e n die bemid delaar aldus ooreengekom het, stel die Genootskap die p artye daarvan in kenn is dat hulle voor of op ‘n sekere datum die bemiddelaar se gelde in gelyke dele by die Genootskap moet inbetaal, en dat a s een party versuim om dit te do en, die and er party dit kan doen sodat die verrigtinge kan voortgaan.

9.4 Sodra die Genootskap die betaling van die bemiddelaar se gelde ontvang het, magtig die Genootskap die bemiddelaar en gee hom op drag om met die bemiddeling voort te gaan.

9.5 Indien die Genootskap en die bemiddelaar nie oor die gelde en/of die duur van di e bemiddeling ooreen kan kom nie, stel die Ge nootskap met eenstemmigheid van die partye, in die plek van die eerste bemiddelaar ‘n tweede bemiddelaar aan, maar i ndien geen eenstemmi gheid hieroor bereik kan word nie, stel die Gen ootskap ‘n tweede bemiddelaar na goeddunke aan en verwittig die partye, die eerste en tweede bemiddelaars van soda nige aanste lling. Daarna word di e prosedur e vermeld in reëls 9.2, 9.3 en 9.4 herhaal.

9.6 Indien dit blyk dat die bemiddeling langer gaan duur as die oorspronklik geskatte d uur daarvan , of dat die bemiddelaar se voorb ereidingskoste meer beloop as wat h y aanvanklik geskat h et, moet di e bemiddelaar onmiddellik die Geno otskap daa rvan in ke nnis st el e n moet hy die oorspronklik geskatte d uur van die bemiddeling of sy voo rbereiding n ie oorskry nie. Indien nodig moet die verrigtinge uitgestel word.

9.7 Die bemiddelaar moet in so ‘n geval, in oorleg met die partye, die verdere duur van die verrigtinge of sy bykomende vo orbereidingskoste skat en die Genootskap skriftelik daarvan i n kennis ste l, asook wat sy gelde s al beloop om die verrigtinge te voltooi .

9.8 Die Genootskap kan namens die partye met die bemiddelaar ooreenkom oor sy gelde en die verdere geskatte duur van die bemiddeling.

9.9 Nadat die Genootskap en die bemiddelaar aldus ooreengekom het, word die prosedure herhaal soos in reëls 9.3 en 9.4 bepaal.

9.10 Sodra die Genootskap die verdere betaling van die bemiddelaar se geld e ontvang het, magtig die Genootskap die bemiddelaar en ge e hom opdrag om met die bemiddeling voort te gaan.

9.11 Indien dit blyk dat die bemiddeling korter sal duur of geduur het as die geskatte tydperk, betaal die Genootskap enige oortollige gelde oor aan die partye op ‘n *pro rata* basis met instemming van die partye en die Genootskap.

9.12 Sodra voorgaande prosedures nag ekom is, ka n die bemid delaar op d ie tyd en plek soos deur hom bepaal met die be middeling voortgaan na dat redelike kennis daarvan aan die partye gegee is.

9.13 Indien enig e party (“di e eerste party”) in vers tek is om sy deel van die gelde te betaal, en dit deur die an der party (“die tweede party”) betaal is om te verse ker dat die bemiddeling sou voortgaan, kan die tweede party die bemiddelaar versoek om te beslis dat die eerste party sodanige gelde tesame met rente aan die tweede party sal terugbetaal.

10. VERTEENWOORDIGING VAN DIE PARTYE

Enige party kan homself verteenwoo rdig tydens ‘n bemiddelingsverrigting en enige p arty, hetsy ‘n natuur like persoon of ‘n regspersoon, kan verteenwoordig word deur ‘n regsverteenwoordiger of ‘n ander persoon wat gemagtig is om na mens hom ‘n skikking van die ge skille tussen die partye aan te gaan.

11. VERTROULIKHEID VAN VERRIGTINGE

11.1 Vertroulikheid van die bemiddelingsverrigtinge word te alle tye gehandhaaf tensy al di e partye tot die bemiddeling anders ooreengeko m het.

11.2 Die bemidd elaar kan op aansoek van enige p arty enige p ersoon wie se teenwoordigheid nie rederlikerwys by die bemiddelingsverrigtinge beno dig word nie, van die verrigtinge uitsluit en beveel dat hy die bemiddelingslokaal verlaat.

12. SKIKKINGSONDERHANDELINGE SONDER BENADELING VAN REGTE

12.1 Alle skikkingsonderhandelinge vind plaas sonder benadeling van regte.

12.2 Geen getuienis of dokumentasie van wat voor of tydens skikkingsonderhandelinge ingevolge hierdie reëls gesê of voorgelê is, is behalwe vir uitsonderings wat deur die reg erken word, in enige ander verrigtinge as getuienis toelaatbaar nie.

13. VOORBEREIDING VIR DIE BEMIDDELING

13.1 Om die bemiddelaar in staat te stel om die geskille tussen die partye te begryp, lê die Genootskap die Versoek om Bemiddeling en die Antwoord daarop aan die bemiddelaar voor.

13.2 Daarbenewens kan ‘n party enige verdere dokumentasie aan die bemiddelaar lewer om die bemiddelaar in staat te stel om die geskille tussen die partye te begryp. Afskrifte daarvan moet gelyktydig aan die ander party gelewer word.

13.3 ‘n Party kan, voor die bemiddeling, enige skriftelike skikkingsvoorstelle wat hy aan die teenparty wil maak aan die bemiddelaar en die teenparty lewer.

13.4 Die bemiddelaar kan ‘n party versoek om afskrifte van enige verdere dokumentasie wat hy met die oog op die bemiddeling nodig ag, aan hom en die teenparty lewer.

13.5 Die partye reël in oorleg met die bemiddelaar waar en wanneer die bemiddeling sal plaasvind. Indien enigsins moontlik, moet die bemiddeling op ‘n neutrale plek plaasvind.

13.6 Die partye is verantwoordelik vir reëlings in verband met die lokaal waar die bemiddeling gaan plaasvind, en vir enige betaling vir gebruikmaking daarvan.

14. PROSEDURE TYDENS BEMIDDELING

14.1 Die bemiddelaar reël die prosedure tydens die bemiddeling soos hy goeddink. Die prosedure is informeel van aard.

14.2 Beide partye bevestig by die aanvang van die bemiddelingsverrigtinge hulle onderneming om ‘n ernstige poging aan te wend om die geskille tussen hulle te skik en dat die prosedures ter voorbereiding van die bemiddeling behoorlik nagekom is.

14.3 By die aanvang van die bemiddelingsbyeenkoms gee die bemiddelaar aan elke party of sy regverteenwoordiger geleentheid om hom toe te lig oor die geskilpunte en die skikkingsvoorstelle wat daardie party maak.

14.4 Die bemiddelaar gee nie enige beslissing oor enige van die geskilpunte of skikkingsvoorstelle nie. Sy doel is alleenlik om die partye behulpsaam te wees om die geskille tussen hulle te skik.

14.5 'n Party kan te eniger tyd hom aan die bemiddeling onttrek.

14.6 Die bemiddelaar is geregtig om, indien hy dit doelmatig ag, met een van die partye ("die eerste party") en sy regsverteenwoordiger, in die afwesigheid van die teenparty te vergader ten einde daardie party behulpsaam te wees om 'n skikking te bereik, met dien verstaande dat die bemiddelaar nie enige feite of bewerings wat deur die eerste party aan hom bekend gemaak is, aan die teenparty sal oordra nie tensy die eerste party die bemiddelaar gemagtig het om dit aan die teenparty te openbaar.

14.7 Geen skikking sal bereik word alvorens dit op skrif gestel en deur die partye onderteken is.

14.8 Die skriftelike skikking moet, indien enigsins moontlik, dieselfde dag onderteken word.

14.9 Die bemiddelaar en die partye stel die Genootskap in kennis dat 'n skikking bereik is. Indien die skikkingsonderhandelinge na 'n ander dag uitgestel is, stel die bemiddelaar en die partye die Genootskap ook in kennis daarvan.

14.10 Sodra die bemiddelingsverrigtinge van 'n besondere dag verby is, is die bemiddelaar geregtig op betaling van sy gelde ten opsigte van daardie dag.

14.11 Betaling van die bemiddelaar ten opsigte van enige latere dag geskied ooreenkomstig die prosedure hierbo bepaal ten opsigte van die voorstetting van die bemiddeling.

14.12 Sodra die bemiddelingsverrigtinge van daardie dag verby is, is die bemiddelaar op betaling van sy gelde ten opsigte van daardie dag geregtig.

15. ONBEVOEGDHEID VAN DIE BEMIDDELAAR, BEëINDIGING VAN DIE BEMIDDELAAR SE DIENSTE EN AANSTELLING VAN VERVANGENDE BEMIDDELAAR

15.1 Waar 'n bemiddelaar te enige tyd van mening is dat hy om die een of ander rede nie onafhanklik of onpartydig is nie, of om een of ander rede nie bevoeg is om met die bemiddeling voort te gaan of dit af te handel nie, moet hy die Genootskap skriftelik daarvan in kennis stel.

15.2 Sodra die Genootskap sodanige kennisgewing van die bemiddelaar ontvang, stuur die Genootskap 'n afskrif daarvan aan beide partye met die versoek om binne 7 dae daarop kommentaar te lewer. Indien enige van die partye beswaar daarteen het dat die bemiddelaar met die bemiddelingsproses voortgaan, sal die Genootskap 'n ander bemiddelaar aanstel.

15.3 Waar nie een van die partye beswa ar het teen die bemiddelaar op grond van die ge waande on bevoegdheid nie, sal die bemiddelingsverrigtin ge voortgaan onder gemelde bemiddelaar.

15.4 Waar ‘n bemiddelaar, om welke rede ookal, onbevoeg is om met ‘ n bemiddelingsverrigting voort te gaan, of waar ‘n bemiddelaar hom aan die bemiddeling onttrek, ka n die Genootskap ‘n v ervangende bemiddelaar aanstel met die sa mewerking van die partye e n, indien geen eenstemmigheid hieroo r bereik ka n word nie, stel die Genootskap ‘n bemiddelaar na goeddunke aan.

15.5 Sodanige vervangende bemiddelaar sal d ieselfde bevoegdhede hê as die oorspronklik aangestelde bemiddelaar en sal hy insa e hê in a lle dokumentasie wat tot beskikking van die vorige bemiddelaar was.

16. DIE WYSE VAN AFLEWERING VAN DOKUMENTE EN KENNISGEWINGS

16.1 Die oorspronklike van alle dokumente en kennisgewings, tesame met aanhangsels, sal in ‘n getikte vorm aan die Ge nootskap af gelewer word tesame met ‘n bewys dat ‘n kopie daarvan aan elkeen van die and er partye, asook aan die bemiddelaar, afgelewer is.

16.2 Alle dokumente en ander kennisgew ings sal óf f isies afgelewer word aan die ander p arty of partye en aan die bemiddelaar óf andersins by wyse van faksimilee óf elektroniese pos [e-pos]; met dien verstande dat indien aflewering per hand geskied, die ha ndtekening van die persoon aan wie en datum waarop dit af gelewer word daarop verskyn en, in dien toepaslik, die stempel van sodanige party da arop aangebring is. Ind ien aflewering by wyse va n faksimilee of elektr oniese posversending geskied, moet ‘n uitdruk wat voorgee die ander party se faksnommer of e-posadres daarop te bevat, tesame met die datum en tyd waarop dit versend en ontvang is, aan die Genootskap oo rhandig word. Indien voormelde aangeheg is b y die ander dokument of kennisgewin g wat by die Genootskap ingedien is, sal dit *prima facie* as bewys dien van die aflewering daarvan.

16.3 Aflewering van dokumente of ander kennisgewings sal slegs geldig wees indien dit o oreenstem met die adres wat ‘n party voorsi en het in sy versoek tot bemiddelin g, of sodan ige ander a dres as wa t hy daarna skriftelik aan die Genootskap meegedeel het.

16.4 Aflewering van dokumente of ander kennisgewin gs sal slegs geldig wees indien dit o oreenstem met die adres wat ‘n p arty in sy Antwoord op die Versoek om Bemiddeling voorsien het, of soda nige ander adres as w at hy daarna skriftelik aan die Genootskap meegedeel het.

16.5 Aflewering van sodanige pleitstuk, d okument of ander kennisgewing sal geag word tot die and er party se kennis t e gekom het op die datu m waarop dit ingevolge die voorafgaande subreëls aan die ander part y afgelewer is.

17 SKIKKINGSOOREENKOMS KAN ‘N BEVEL VAN DIE HOF GEMAAK WORD

Indien enige party verlang dat ‘n skikking sooreenkoms ‘n bevel van die hof gemaak word, kan sodanige party, na kennisgewing aan die teenparty, by ‘n bevoegde hof aansoek doen dat die skikkingsooreenkoms ‘n bevel van die hof gemaak word.